

Al'astair oortref 'My hond Fanie' op sy nuutste

Sowat agt jaar gelede het Al' en sy -pelle die onhebbelikheid aangevang om met honde-nekbande op die -verhoog te verskyn.

Boonop was die eerste album uit Al' se pen 'n ongewone huldeblyk aan sy hond, Fanie. Destyds het My hond Fanie nie werklik hond haaraf -gemaak nie ten spyte daarvan dat -resensente dit aangeprys het.

Was die album en sy skepper sy tyd vooruit, of was dit net 'n bliksemstraal wat voortydig in die land van miskende talent geslaan het?

Al' het sy pelle langs die pad -verlaat, maar gelukkig sy skeppingsdrang behou.

Sedertdien het Sarah Theron sy lied "Neuk" op haar album Sit die -Ketel Aan ingesluit. Hierdie lied is ook op sy nuwe album Blou Trane te hoor. Wat veral opval van sy lirieke is dat dit met alledaagse dinge en die -bekendste situasies van menswees te doen het. Dis dikwels uit die mond van die bergie, die misdadiger en die gewone man se mond wat wys hede kom.

Die woorde spruit uit 'n fyn waarnemingsvermoë en mensekennis, maar ook vanuit 'n aweregse humorsin wat kort-kort deurslaan.

Die album spog met klavier- en -vioolspel deur onderskeidelik Andrew Roos en Janine Marais. Hoewel die ander nodige instrumente daar is, is dit dié twee wat in verskeie van die liedjies gepaste ondersteuning, maar ook 'n unieke atmosfeer skep.

Die eerste twee liedere op die -album, "As jy staan op die maan" en "Droomtowaar", is goeie voorbeelde hiervan. Daardie suiwer klavier- en vioolklanke gaan jou onmiddellik betower.

Later volg daar blues en 'n rockerige lawwigheid ("Lank gelede") waarin strokies- en sprokieskarakters uit hul tradisionele kassies geruk word.

In die bekwame hande van Andrew Roos (Brakmusiek) is hier 'n album wat verdien om groter -bekendheid en hoër verkoopsyfers as My hond Fanie te beleef.